



Government Gazette

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

Vol. 686

Cape Town
Kaapstad

17 August 2022

No. 46740

THE PRESIDENCY

No. 1233 **17 August 2022**

It is hereby notified that the President has assented to the following Act, which is hereby published for general information:—

Act No. 3 of 2022: Local Government: Municipal Systems Amendment Act, 2022

DIE PRESIDENSIE

No. 1233 **17 Augustus 2022**

Hierby word bekend gemaak dat die President sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

Wet No. 3 van 2022: Wysigingswet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, 2022

ISSN 1682-5845



9 771682 584003

4 6 7 4 0



AIDS HELPLINE: 0800-0123-22 Prevention is the cure

ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:

[] Woorde in vet druk tussen vierkantige hake dui skrappings uit bestaande verordenings aan.

_____ Woorde met 'n volstreep daaronder dui invoegings in bestaande verordenings aan.

(Engelse teks deur die President geteken)
(Goedgekeur op 16 Augustus 2022)

WET

Tot wysiging van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, 2000, ten einde sekere omskrywings in te voeg en te wysig; verder voorsiening te maak vir die aanstelling van munisipale bestuurders en bestuurders wat regstreeks aan munisipale bestuurders verantwoordbaar is; voorsiening te maak vir prosedures en bevoegdheidmaatstawwe vir sodanige aanstellings, en vir die gevolge van aanstellings gemaak wat nie in lyn is met sodanige prosedures en maatstawwe nie; tydsbestekke te bepaal waarbinne prestasie-ooreenkomste van munisipale bestuurders en bestuurders wat regstreeks aan munisipale bestuurders verantwoordbaar is, aangegaan moet word; verder voorsiening te maak vir die evaluasie van die prestasie van munisipale bestuurders en bestuurders wat regstreeks aan munisipale bestuurders verantwoordbaar is; te vereis dat dienskontrakte en prestasie-ooreenkomste van munisipale bestuurders en bestuurders wat regstreeks aan die munisipale bestuurder verantwoordbaar is, bestaanbaar is met die Wet en enige regulasies deur die Minister gemaak; te vereis dat alle personeelstelsels en -prosedures van 'n munisipaliteit bestaanbaar is met die eenvormige standarde by regulasie deur die Minister bepaal; munisipale bestuurders en bestuurders wat regstreeks aan munisipale bestuurders aanspreeklik is, te belet om politieke ampte in politieke partye te beklee; die aanstelling van munisipale werknemers wat afgedank is, te reguleer; voorsiening te maak vir die Minister om regulasies te maak oor die pligte, vergoeding, voordele en ander bepalings en voorwaardes van indiensneming van munisipale bestuurders en bestuurders wat regstreeks aan munisipale bestuurders verantwoordbaar is; voorsiening te maak vir die goedkeuring van diensstate van munisipaliteite deur die onderskeie munisipale rade; die indiensneming van 'n persoon in 'n munisipaliteit te belet as die diensstaat van daardie munisipaliteit nie voorsiening maak vir die pos waarin hy of sy aangestel word nie; die Minister in staat te stel om tydsbestekke voor te skryf om menslikehulpbronbestuurstelsels vir plaaslike regering en opdragte vir georganiseerde plaaslike regering te reguleer; die Minister se bevoegdhede om regulasies oor munisipale personeelaangeleenthede te maak, uit te brei; 'n gevolglike wysiging aan die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture, 1998, aan te bring deur die bepaling te skrap wat oor die aanstelling van munisipale bestuurders handel; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

BE IT ENACTED by the Parliament of the Republic of South Africa, as follows:—

Amendment of section 1 of Act 32 of 2000, as amended by section 1 of Act 44 of 2003, section 35 of Act 51 of 2002 and section 1 of Act 7 of 2011

1. Section 1 of the Local Government: Municipal Systems Act, 2000 (Act No. 32 of 2000) (hereinafter referred to as the “principal Act”), is hereby amended—

- (a) by the substitution for the definition of “municipal manager” of the following definition:
 “**‘municipal manager’** means a person appointed in terms of section 54A;”;
- (b) by the substitution for the definition of “political office” of the following definition:
 “**‘political office’**, in relation to a political party or structure thereof, means—
 (a) the position of chairperson, deputy chairperson, secretary, deputy secretary, treasurer or an elected or appointed decision-making position of a political party nationally or in any province, region or other area in which the party operates; or
 (b) any position in the party equivalent to a position referred to in paragraph (a), irrespective of the title designated to the position;”;
- (c) by the insertion after the definition of “resident” of the following definition:
 “**‘secondment’** means an employee who perform duties in terms of an agreement between their employer and the relevant official in organ of state receiving the employee;”.

Substitution of section 54A of Act 32 of 2000, as inserted by section 2 of Act 7 of 2011 and amended by section 4 of Act 7 of 2011

2. The following section is hereby substituted for section 54A of the principal Act:

“Appointment of municipal managers and acting municipal managers

- 54A.** (1) The municipal council must appoint—
- (a) a municipal manager as head of the administration of the municipal council; or
- (b) an acting municipal manager under circumstances and for a period as prescribed.
- (2) A person appointed as municipal manager or acting municipal manager in terms of subsection (1) must at least have the skills, expertise, competencies and qualifications as prescribed.
- (2A) (a) A person appointed in terms of subsection (1)(b) may not be appointed to act for a period that exceeds three months.
- (b) A municipal council may, in special circumstances and on good cause shown, apply in writing to the MEC for local government to extend the period of appointment contemplated in paragraph (a), for a further period that does not exceed three months.
- (3) A decision to appoint a person as municipal manager, and any contract concluded between the municipal council and that person in consequence of the decision, is null and void if—
- (a) the person appointed does not have the prescribed skills, expertise, competencies or qualifications; or
- (b) the appointment was otherwise made in contravention of this Act.
- (4) If the post of municipal manager becomes vacant, the municipal council must—
- (a) advertise the post nationally to attract a pool of candidates nationwide; and
- (b) select from the pool of candidates a suitable person who complies with the prescribed requirements for appointment to the post.

DAAR WORD BEPAAL deur die Parlement van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

Wysiging van artikel 1 van Wet 32 van 2000, soos gewysig deur artikel 1 van Wet 44 van 2003, artikel 35 van Wet 51 van 2002 en artikel 1 van Wet 7 van 2011

1. Artikel 1 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, 2000 (Wet No. 32 van 2000) (hierna die “Hoofwet” genoem), word hierby gewysig—

- (a) deur die omskrywing van munisipale bestuurder” deur die volgende omskrywing te vervang:
- “**‘munisipale bestuurder’** ’n persoon ingevolge artikel 54A aangestel;”;
- (b) deur die omskrywing van “politieke amp” deur die volgende omskrywing te vervang:
- “**‘politieke amp’**, ten opsigte van ’n politieke party of struktuur daarvan—
- (a) die amp van voorsitter, ondervoorsitter, sekretaris, ondersekretaris, tesourier of ’n verkose of aangestelde besluitnemende amp van die party op nasionale vlak of in enige provinsie, streek of ander area waarin die party werksaam is; of
- (b) enige amp in die party gelykstaande aan ’n amp in paragraaf (a) bedoel, ongeag die titel wat aan die amp toegeken is;”;
- (c) deur die volgende omskrywing na die omskrywing van “registrateur van aktes” in te voeg:
- “**‘sekondering’** ’n werknemer wat pligte verrig ingevolge ’n ooreenkoms tussen hulle werknemer en die tersaaklike beampte in die staatsorgaan wat die werknemer ontvang;”.

Vervanging van artikel 54A van Wet 32 van 2000, soos ingevoeg deur artikel 2 van Wet 7 van 2011 en gewysig deur artikel 4 van Wet 7 van 2011

2. Artikel 54A van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

“Aanstelling van munisipale bestuurders en waarnemende munisipale bestuurders

- 54A.** (1) Die munisipale raad moet—
- (a) ’n munisipale bestuurder as hoof van die administrasie van die munisipale raad aanstel; of
- (b) ’n waarnemende munisipale bestuurder onder die voorgeskrewe omstandighede en vir ’n voorgeskrewe tydperk aanstel.
- (2) ’n Persoon ingevolge subartikel (1)(b) as munisipale bestuurder of waarnemende munisipale bestuurder aangestel, moet ten minste die voorgeskrewe vaardighede, kundigheid, bevoegdhede en kwalifikasies hê.
- (2A) (a) ’n Persoon ingevolge subartikel (1)(b) aangestel, mag nie aangestel word om vir ’n tydperk van langer as drie maande waar te neem nie.
- (b) ’n Munisipale raad kan, in spesiale omstandighede en by die aanvoer van goeie gronde, skriftelik by die LUR vir plaaslike regering aansoek doen om die tydperk van aanstelling in paragraaf (a) beoog, vir ’n verdere tydperk van hoogstens drie maande te verleng.
- (3) ’n Besluit om ’n persoon as ’n munisipale bestuurder aan te stel, en enige kontrak tussen die munisipale raad en daardie persoon aangegaan as gevolg van die besluit, is van nul en gener waarde indien—
- (a) die aangestelde persoon nie die voorgeskrewe vaardighede, kundigheid, bevoegdhede of kwalifikasies het nie; of
- (b) die aanstelling andersins in stryd met hierdie Wet gemaak is.
- (4) Indien die pos van munisipale bestuurder vakant word, moet die munisipale raad—
- (a) die pos landwyd adverteer om ’n poel van kandidate van regoor die land te trek; en
- (b) ’n geskikte kandidaat uit die poel kandidate kies wat aan die voorgeskrewe vereistes vir aanstelling in die pos voldoen.

(5) The municipal council must re-advertise the post if there is no suitable candidate who complies with the prescribed requirements.

(6) (a) The municipal council may request the MEC for local government to second a suitable person, on such conditions as prescribed, to act in the advertised position until such time as a suitable candidate has been appointed.

(b) If the MEC for local government has not seconded a suitable person within a period of 60 days after receipt of the request referred to in paragraph (a), the municipal council may request the Minister to second a suitable person, on such conditions as prescribed, until such time as a suitable candidate has been appointed.

(7) (a) The municipal council must, within 14 days, inform the MEC for local government of the appointment process and outcome, as may be prescribed.

(b) The MEC for local government must, within 14 days of receipt of the information referred to in paragraph (a), submit a copy thereof to the Minister.

(8) If a person is appointed as municipal manager in contravention of this section, the MEC for local government must, within 14 days of receiving the information provided for in subsection (7), take appropriate steps to enforce compliance by the municipal council with this section, which may include an application to a court for a declaratory order on the validity of the appointment, or any other legal action against the municipal council.

(9) Where an MEC for local government fails to take appropriate steps referred to in subsection (8), the Minister may take the steps contemplated in that subsection.

(10) If the MEC for local government fails to respond to the appointment process and outcome within the timeframes, as contemplated in subsection (8), or the Minister fails to respond as contemplated in subsection (9), the appointment of the municipal manager or acting municipal manager will be deemed to be in compliance with this Act: Provided the municipal council submitted all relevant documents, as prescribed.

(11) A municipal council may, in special circumstances and on good cause shown, apply in writing to the Minister to waive any of the requirements listed in subsection (2) if it is unable to attract suitable candidates.

(12) A person who has been appointed as acting municipal manager before this section took effect, must be regarded as having been appointed in accordance with this section for the period of the acting appointment.

(13) Any pending legal or disciplinary action in connection with an appointment made before this section took effect, will not be affected by this section after it took effect.”.

Substitution of section 56 of Act 32 of 2000, as substituted by section 3 of Act 7 of 2011 and amended by section 4 of Act 7 of 2011

3. The following section is hereby substituted for section 56 of the principal Act:

“Appointment of managers directly accountable to municipal managers

56. (1) (a) A municipal council, after consultation with the municipal manager, must appoint—

- (i) a manager directly accountable to the municipal manager; or
- (ii) an acting manager directly accountable to the municipal manager under circumstances and for a period as prescribed.

(5) Die munisipale raad moet die pos heradverteer as daar geen geskikte kandidaat is wat aan die voorgeskrewe vereistes voldoen nie.

(6) (a) Die munisipale raad kan die LUR vir plaaslike regering versoek om 'n geskikte persoon, op sodanige voorwaardes wat voorgeskryf word, te sekondeer om in die geadverteerde posisie waar te neem totdat 'n geskikte kandidaat aangestel is.

(b) Indien die LUR vir plaaslike regering binne 'n tydperk van 60 dae ná ontvangs van die versoek in paragraaf (a) bedoel nie 'n geskikte persoon gesekondeer het nie, kan die munisipale raad versoek dat die Minister 'n geskikte persoon, op sodanige voorwaardes soos voorgeskryf, sekondeer om in die geadverteerde posisie waar te neem totdat 'n geskikte kandidaat aangestel is.

(7) (a) Die munisipale raad moet die LUR vir plaaslike regering binne 14 dae inlig van die aanstellingsproses en die resultaat daarvan, soos voorgeskryf.

(b) Die LUR vir plaaslike regering moet, binne 14 dae van ontvangs van die inligting in paragraaf (a) bedoel, 'n afskrif daarvan aan die Minister voorlê.

(8) Indien 'n persoon in stryd met hierdie artikel as munisipale bestuurder aangestel word, moet die LUR vir plaaslike regering, binne 14 dae van ontvangs van die inligting waarvoor in subartikel (7) voorsiening gemaak word, gepaste stappe doen om nakoming van hierdie artikel deur die munisipale raad af te dwing, wat 'n aansoek by 'n hof om 'n verklarende bevel oor die geldigheid van die aanstelling, of enige ander geregtelike aksie teen die munisipale raad, kan insluit.

(9) Indien 'n LUR vir plaaslike regering versuim om die gepaste stappe in subartikel (8) bedoel, te doen, kan die Minister die stappe beoog in daardie subartikel doen.

(10) Indien die LUR vir plaaslike regering versuim om binne die tydsbestekke op die aanstellingsproses en uitslag te reageer, soos in subartikel (8) beoog, of die Minister versuim om te reageer soos in subartikel (9) beoog, sal die aanstelling van die munisipale bestuurder of waarnemende munisipale bestuurder geag word aan hierdie Wet te voldoen: Met dien verstande dat die munisipale raad alle tersaaklike dokumente, soos voorgeskryf, ingedien het.

(11) 'n Munisipale raad kan, onder spesiale omstandighede en by die aanvoer van goeie gronde, skriftelik by die Minister aansoek doen om kwytstelling van enige van die vereistes in subartikel (2) gelys as die raad nie geskikte kandidate kan trek nie.

(12) 'n Persoon wat as 'n waarnemende munisipale bestuurder aangestel is voordat hierdie artikel in werking getree het, moet geag word ooreenkomstig hierdie artikel aangestel te wees vir die tydperk van die waarnemende aanstelling.

(13) Enige hangende geregtelike aksie of dissiplinêre aksie in verband met 'n aanstelling wat gemaak is voordat hierdie artikel in werking getree het, sal nie deur hierdie artikel geraak word nadat dit in werking getree het nie.”

Vervanging van artikel 56 van Wet 32 van 2000, soos vervang deur artikel 3 van Wet 7 van 2011 en gewysig deur artikel 4 van Wet 7 van 2011

3. Artikel 56 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

“Aanstelling van bestuurders wat regstreeks aan munisipale bestuurders verantwoordbaar is

56. (1) (a) 'n Munisipale raad, na oorleg met die munisipale bestuurder, moet—

- (i) 'n bestuurder aanstel wat regstreeks aan die munisipale bestuurder verantwoordbaar is; of
- (ii) 'n waarnemende bestuurder aanstel wat regstreeks aan die munisipale bestuurder verantwoordbaar is onder voorgeskrewe omstandighede en vir 'n voorgeskrewe tydperk.

(b) A person appointed in terms of paragraph (a)(i) or (ii) must at least have the skills, expertise, competencies and qualifications as prescribed.

(c) A person appointed in terms of paragraph (a)(ii) may not be appointed to act for a period that exceeds three months: Provided that a municipal council may, in special circumstances and on good cause shown, apply in writing to the MEC for local government to extend the period of appointment contemplated in paragraph (a), for a further period that does not exceed three months.

(2) A decision to appoint a person referred to in subsection (1)(a)(i) or (ii), and any contract concluded between the municipal council and that person in consequence of the decision, is null and void if—

(a) the person appointed does not have the prescribed skills, expertise, competencies or qualifications; or

(b) the appointment was otherwise made in contravention of this Act, unless the Minister, in terms of subsection (6), has waived any of the requirements listed in subsection (1)(b).

(3) If a post referred to in subsection (1)(a)(i) becomes vacant, the municipal council must—

(a) advertise the post nationally to attract a pool of candidates nationwide; and

(b) select from the pool of candidates a suitable person who complies with the prescribed requirements for appointment to the post.

(4) The municipal council must re-advertise the post if there is no suitable candidate who complies with the prescribed requirements.

(5) (a) The municipal council must, within 14 days of the date of appointment, inform the MEC for local government of the appointment process and outcome, as may be prescribed.

(b) The MEC for local government must, within 14 days of receipt of the information referred to in paragraph (a), submit a copy thereof to the Minister.

(6) If a person is appointed to a post referred to in subsection (1)(a) in contravention of this Act, the MEC for local government must, within 14 days of becoming aware of such appointment, take appropriate steps to enforce compliance by the municipal council with this Act, which steps may include an application to a court for a declaratory order on the validity of the appointment or any other legal action against the municipal council.

(7) A municipal council may, in special circumstances and on good cause shown, apply in writing to the Minister to waive any of the requirements listed in subsection (1)(b) if it is unable to attract suitable candidates.

(8) A person appointed in a permanent capacity as a manager directly accountable to the municipal manager when this section takes effect, must be regarded as having been appointed in accordance with this section.

(9) A person appointed as an acting manager directly accountable to the municipal manager when this section takes effect, must be regarded as having been appointed in accordance with this section only for the period of the acting appointment.

(10) Any pending legal or disciplinary action in connection with an appointment made before this section took effect, will not be affected by this section after it took effect.

Amendment of section 57 of Act 32 of 2000, as amended by section 8 of Act 44 of 2003, section 12 of Act 19 of 2008 and section 6 of Act 7 of 2011

4. Section 57 of the principal Act is hereby amended—

(a) by the substitution in subsection (2) for paragraph (a) of the following paragraph:

“(a) (i) be concluded within 60 days after commencement of service, failing which the appointment lapses: Provided that, upon good cause shown by such person to the satisfaction of the municipal council, the appointment shall not lapse; and

(b) 'n Persoon wat ingevolge paragraaf (a)(i) of (ii) aangestel is, moet ten minste die voorgeskrewe vaardighede, kundigheid, bevoegdhede en kwalifikasies hê.

(c) 'n Persoon wat ingevolge paragraaf (a)(ii) aangestel is, mag nie aangestel word om waar te neem vir 'n tydperk wat drie maande oorskry nie: Met dien verstande dat 'n munisipale raad, onder spesiale omstandighede en by die aanvoer van goeie gronde, skriftelik by die LUR vir plaaslike regering kan aansoek doen om die tydperk van aanstelling in paragraaf (a) beoog vir 'n verdere tydperk van hoogstens drie maande te verleng.

(2) 'n Besluit om 'n persoon in subartikel (1)(a)(i) of (ii) bedoel aan te stel, en enige kontrak op grond van daardie besluit tussen die munisipale raad en daardie persoon aangegaan, is van nul en gener waarde indien—
(a) die aangestelde persoon nie die voorgeskrewe vaardighede, kundigheid, bevoegdhede of kwalifikasies het nie; of
(b) die aanstelling andersins in stryd met hierdie Wet gemaak is, tensy die Minister, ingevolge subartikel (6), kwytskelding toegestaan het van enige van die vereistes in subartikel (1)(b) genoem.

(3) As 'n pos bedoel in subartikel (1)(a)(i) vakant word, moet die munisipale raad—

(a) die pos landwyd adverteer om 'n poel van kandidate van regoor die land te trek; en

(b) 'n geskikte persoon uit die poel kandidate kies wat aan die voorgeskrewe vereistes vir aanstelling in die pos voldoen.

(4) Die munisipale raad moet die pos heradverteer indien daar geen geskikte kandidaat is wat aan die voorgeskrewe vereistes voldoen nie.

(5) (a) Die munisipale raad moet, binne 14 dae van die datum van aanstelling, die LUR vir plaaslike regering inlig van die aanstellingsproses en uitslag, soos voorgeskryf.

(b) Die LUR vir plaaslike regering moet, binne 14 dae van ontvangs van die inligting in paragraaf (a) bedoel, 'n afskrif daarvan aan die Minister voorlê.

(6) Indien 'n persoon in stryd met hierdie Wet in 'n pos bedoel in subartikel (1)(a) aangestel word, moet die LUR vir plaaslike regering, binne 14 dae sedert bewuswording van sodanige aanstelling, gepaste stappe doen om nakoming deur die munisipale raad met hierdie Wet af te dwing, welke stappe 'n aansoek by 'n hof om 'n verklarende bevel oor die geldigheid van die aanstelling of enige ander geregtelike aksie teen die munisipale raad kan insluit.

(7) 'n Munisipale raad kan, onder spesiale omstandighede en by die aanvoer van goeie gronde, skriftelik by die Minister aansoek doen om kwytskelding van enige van die vereistes gelys in subartikel (1)(b) as die munisipale raad nie geskikte kandidate kan trek nie.

(8) 'n Persoon wat in 'n permanente hoedanigheid as bestuurder wat regstreeks aan die munisipale bestuurder verantwoordbaar is, aangestel is wanneer hierdie artikel in werking tree, moet geag word ooreenkomstig hierdie artikel aangestel te wees.

(9) 'n Persoon wat as 'n waarnemende bestuurder wat regstreeks aan die munisipale bestuurder verantwoordbaar is, aangestel is wanneer hierdie artikel in werking tree, moet geag word ooreenkomstig hierdie artikel aangestel te wees slegs vir die tydperk van die waarnemende aanstelling.

(10) Enige hangende of dissiplinêre aksie in verband met 'n aanstelling gemaak voordat hierdie artikel in werking getree het, sal nie deur hierdie artikel geraak word nadat dit in werking getree het nie."

Wysiging van artikel 57 van Wet 32 van 2000, soos gewysig deur artikel 8 van Wet 44 van 2003, artikel 12 van Wet 19 van 2008 en artikel 6 van Wet 7 van 2011

4. Artikel 57 van die Hoofwet word hierby gewysig—

(a) deur in subartikel (2) paragraaf (a) deur die volgende paragraaf te vervang:

“(a) (i) binne 60 dae vanaf aanvang van diens, by gebreke waarvan die aanstelling verval: Met dien verstande dat, by die aanvoer van goeie gronde deur sodanige persoon tot die oortuiging van die munisipaliteit, die aanstelling nie sal verstryk nie; en

- (ii) be concluded annually, thereafter, within one month after the beginning of each financial year of the municipality.”;
- (b) by the substitution for subsection (3) of the following subsection:
 “(3) The employment contract referred to in subsection (1)(a) must—
- (a) include details of duties, remuneration, benefits and other terms and conditions of employment, as agreed to by the parties, subject to consistency with—
- (i) this Act;
- (ii) any regulations as may be prescribed that are applicable to municipal managers or managers directly accountable to municipal managers; and
- (iii) any applicable labour legislation; and
- (b) be signed by both parties before the commencement of service.”;
- (c) by the substitution for subsection (3A) of the following subsection:
 “(3A) Any regulations that relate to the duties, remuneration, benefits and other terms and conditions of employment of municipal managers or managers directly accountable to municipal managers, must be regarded as forming part of an employment contract referred to in subsection (1)(a).”;
- (d) by the deletion in subsection (4) of paragraph (b);
- (e) by the substitution for subsection (4C) of the following subsection:
 “(4C) Any regulations that relate to standards and procedures for evaluating performance of municipal managers or managers directly accountable to municipal managers, and intervals for evaluation, must be regarded as forming part of a performance agreement referred to in subsection (1)(b).”;
- (f) by the substitution for subsection (6) of the following subsection:
 “(6) The employment contract for a municipal manager must —
- (a) be for a non-renewable fixed term of employment up to a maximum of five years, not exceeding a period ending one year after the election of the next council of the municipality;
- (b) include a provision for cancellation of the contract, in the case of non-compliance with the employment contract or, where applicable, the performance agreement; and
- [(c) stipulate the terms of the renewal of the employment contract, but only by agreement between the parties; and]**
- (d) reflect the values and principles referred to in section 50, the Code of Conduct set out in Schedule 2, and the management standards and practices contained in section 51.”; and
- (g) by the substitution for subsection (7) of the following subsection:
 “(7) The contract of employment of a manager directly accountable to the municipal manager must be on a permanent basis.”.

Substitution of section 57A in Act 32 of 2000, as inserted by section 7 of Act 7 of 2011

5. The following section is hereby substituted for section 57A of the principal Act: 45

“Employment of dismissed staff and record of disciplinary proceedings

57A. (1) Any staff member dismissed for misconduct may only be re-employed in any municipality after the expiry of a prescribed period.

(2) The Minister must prescribe different periods of expiry, as contemplated in subsection (1), for different categories of misconduct.

(3) Notwithstanding subsections (1) and (2), a staff member dismissed for financial misconduct contemplated in section 171 of the Municipal Finance Management Act, corruption or fraud, may not be re-employed in any municipality for a period of 10 years.

